VENSTER VAN DIE LEWE

2019

DERDE KWARTAAL

Vensters op Vrede

WEEK 9 : 08-15 September 2019

Matteus 14:22-32

"Venster van die lewe!" is ons tema vir 2019. Gedurende die maand van September staan ons stil by die temas van "Skoon vensters".

Inleiding

Hierdie week gaan ons na aanleiding van die Verenigde Nasies se Internasionale Dag van Vrede en hul versoek dat gelowiges dwarsoor die wêreld dié week vir vrede bid, stilstaan by die tema van vrede. Die vraag is nie net hoekom is vrede in die wêreld so moeilik nie maar ook hoekom is dit so moeilik in ons eie land en in ons eie lewens en wat kan ons daaraans doen?

Vraag 1: Lees die teksgedeelte en vertel mekaar wat jul by die lees van die gedeelte gehoor het en wat vir jou tref ……..…….

……

Vraag 2: Hoekom dink julle sukkel mense om in vrede met mekaar te lewe? Dink aan situasies in eie families, werk en in ons land (lees ook Galasiërs 5:17-22)

……

……

Vraag 3: Vrede maak is nie maklik nie maar tog 'n Bybelse eis aan ons as gelowiges(1 Pet 3:11 en Efes 4:3). NB: Bespreek - Wat se raad gee God vir ons deur die Bybel om dit makliker te maak om vrede te bring, bespreek veral die praktiese daarvan en hoekom ons so sukkel daarmee?

a. Kol 1:20. ..……..

b. Fil 4:4-7.……

c. Fil 4:8-9. ……

d. Kol 3:13 en 14 . ……...

e. Rom 12: 17 -19 en Luk 6:37-38 ……

f. Rom 12:20-22. ……..

Vraag 4: Matt 6:14-15 en Matt 5:9. Wat is die belofte van God aan ons wanneer ons vergewe en vrede maak en vrede bring? …….....
……..

Vraag : In ons teks en preek van Sondag na aanleiding van Matt 14:22-32 sien ons dat (1) die storms van die lewe ook vir ons as gelowiges tref; (2) dat nie almal die "guts" of genoeg geloof het om soos Petrus uit die boot te klim en 'n verskil te maak nie; en (3) dat Jesus op die regte tyd ons te hulp snel om vir ons vrede te bring. Bespreek of dink:

a. Hoekom dink julle is dit vir ons moeilik om soos Petrus soms alleen uit die boot te klim en te doen wat reg is? ….…….
……

b. Hoekom dink julle mis ons baie keer (soos die dissipels hier) om die Here raak te sien wanneer Hy ons te hulp kom? ..…….
……..

Vraag 6: Lees Matt 10:29-31. Hoe laat die lees van die teks jou voel.? ……

Slot

Vrede maak en om 'n vrede te leef is 'n Bybelse opdrag. "n Opdrag vir jou persoonlike lewe in verhouding met God, met ander, met jou familie en met ander mense in ons land. As gelowige mag jy dit nie ignoreer of nalaat nie. Maklik – nee! Gelukkig is die die belofte van God dat soos in die verhaal van Matt die Here elke keer Sy hand na ons uitsteek om ons op te help en dan weer en weer, beide in die omstandighede as in ons harte, vrede en kalmte te bring.

Ds Marius